HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

FINANSIËLE JAAR 2015-2016

VOORSITTERSVERSLAG

Gelewer op 11 Oktober 2016

Algemeen

Die afgelope jaar is gekenmerk deur ‘n aantal spesiale mylpale vir die Fonds. Die belangrikste is die volgende:

- Die Jan H Marais prys van R500 000 vir volgehoue uitmuntende akademiese werk in Afrikaans is in vennootskap met die Universiteit van Stellenbosch en Naspers (albei begunstigdes van Oom Jannie se ruimhartigheid in 1915) geloods. ‘n Paneel onder die voorsitterskap van Andreas van Wyk is deur die SA Akademie saamgestel om die prys toe te ken. 23 aansoeke is ontvang, waaronder ‘n hele paar van hoogstaande gehalte. Die eerste toekenning is tydens ‘n spesiale funksie op 30 Mei 2016 aan Prof Hermann Giliomee gemaak. 70 gaste het hierdie feestelike geleentheid by STIAS bygewoon. Ek is daarvan oortuig dat die Jan H Marais prys alreeds gevestig is as die prestige-prys waarna alle Afrikaanse akademici aspireer.
- Die toekennings aan begunstigdes het die afgelope jaar met 16% van R19.1 miljoen tot R22.2 miljoen toegeneem. Hierdie styging is te danke

aan ‘n wesenlike styging in dividend-inkomste in die 2014-15 finansiële jaar – spesifiek in die geval van Coronation batebestuurders. Dit ly geen twyfel nie dat hierdie toekennings ‘n groot verskil in baie Stellenbossers se lewens gemaak het en ook ‘n beduidende bydrae tot ‘n unieke, kosbare en lewendige kulturele erfenis, die Afrikaanse taal, gelewer het.

- Prof Andreas van Wyk het op 30 September 2015 as voorsitter van die Fonds uitgetree na ‘n termyn van bykans 15 jaar. Ek wil hom graag hartlik bedank vir die voortreflike werk wat hy in hierdie periode verrig het. Die markwaarde van die Fondsbates sowel as die jaarlikse toekennings aan begunstigdes het gedurende sy termyn bykans viervoudig toegeneem – ‘n merkwaardige prestasie. Die Fonds was werklik bevoorreg om iemand van Andreas se statuur vir so ‘n lang periode aan die stuur van sake te hê.

Finansies

Die afgelope finansiële jaar tot 28 Februarie 2016 was ‘n turbulente jaar in die finansiële markte, veral in Suid-Afrika waar die sogenaamde “Nene-gate” op 9 Desember 2015 onberekenbare skade aangerig het. Dis dus nie ‘n verrassing nie dat die markwaarde van die Fondsbates met 7% van R1.39 biljoen na R1.29 biljoen afgeneem het. Gelukkig was daar ‘n bemoedigende styging van 9% in die bruto-inkomste van R34.2 miljoen tot R37.2 miljoen. Die netto-inkomste het eweneens met 9% van R24.5 miljoen tot R26.7 miljoen toegeneem. Dit het die trustees in staat gestel om weereens toekennings aan begunstigdes met ruim meer as die inflasiekoers te verhoog.

Dankbetuigings

Ek wil graag ons batebestuurders Nedbank Private Wealth en Coronation Batebestuurders hartlik bedank vir hul volgehoue goeie beleggingsprestasie. Dit bly van die allergrootste belang dat die Fonds moet voortgaan om die SWIX beleggingsprestasiemaatstaf te klop, soos wat wel die geval die afgelope aantal jare was.

Hartlike dank aan ons altyd betroubare ouditeure Price WaterhouseCoopers wat deurgaans diens van ‘n hoogstaande gehalte lewer.

Ek wil ook graag my dank teenoor elke trustee individueel uitspreek. Dit bly ‘n groot plesier om met julle almal saam te werk. Baie welkom aan Wilna van Heerden wat alreeds ‘n wesenlike bydrae gemaak het.

Ek wil ook ‘n besondere woord van dank aan ons sekretaris, Ronel Beukes, rig. Baie dankie dat jy aan die begin van die jaar jou verantwoordelikhede met soveel geesdrif en professionaliteit aanvaar het. Ons is werklik spyt om aan die einde van die jaar van jou afskeid te moet neem.

Die pad vorentoe

Die trustees sal voortgaan om die Fonds se toekoms te verseker, veral deur goeie finansiële toesig, maar ook deur deurlopende aandag aan ons opdrag in ‘n sterk veranderende omgewing.

Ons stigter, wyle Jan Marais, se testamentêre opdrag van 1915 bly vandag nog steeds relevant. Die trustees gaan voort om aan die gees daarvan uitvoering te gee deur die bevordering van die belange van die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika, van alle kleure en agtergronde, met voorkeur aan dié in die dorp en distrik Stellenbosch.

J D KRIGE

13 Oktober 2016